# KOERSVAS

Jaargang 12 Uitgawe 237
18 April 2025

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel:** Via Dolorosa

**Berigte:** Hofsaak

Schweizer-Renecke 100

**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Via Dolorosa

Iewers tussen De Doorns en Touwsrivier stap die man op die skouer van die N1. Die kruis op sy skouer is maklik drie meter hoog en twee meter dwars. Onder aan die kruis is daar ‘n wieletjie sodat hy die kruis kan saamsleep. Dit is lydenstyd en hy is besig met ‘n bewusmaking veldtog of ‘n fondsinsameling. Dalk albei. Daar is geen twyfel dat hy ‘n Christen is nie. Dwarsoor die wêreld is daar mense wat iets soortgelyks doen. Die strate van Jerusalem gaan hierdie week baie soortgelyke draers sien.

Iewers in die VSA word SNL (*Saturday Night Live*) gebeeldsend. Van Jesus word ‘n bespotting gemaak. Die spot word gedryf en die voorspelling van geen wederkoms - word beklemtoon. Dit is nie die enigste plek waar Jesus gespot word nie. Die berig is dat ‘n swart vrou die hoofrol gaan speel in ‘n (alweer) nuwe verhoog-vertoning van “*Jesus Christ Superstar”.* Die Anti-Chris is legio en skaamteloos in sy aanvalle.

Die aangrypende van die kruis en die kruis-gebeure het gemaak dat die kruis by uitstek die simbool van die Christelike geloof is. Die dood aan die kruis is in die sleutelposisie in die heilsgeskiedenis. Tussen lyding en verheerliking staan die kruis. Tussen sukkel-lewe, sukkel-bestaan en die ewige lewe staan die noodwendige dood aan die kruis. Vir eeue het die Here alles in plek gekry, verlossing belowe deur Sy profete en Wet en uiteindelik uitvoering gegee aan die heilsplan.

Jesus het in Sy leeftyd dit alles ervaar. ‘n Eie dorpie wat Hom verwerp. Die Romeinse offisier wat in geloof op Hom vertrou. Die aanval op aanval deur Fariseërs en wetgeleerdes wat niks van Hom wou weet of hoor nie. Die skares wat versamel om Hom te sien en na Hom te luister. Die skare wat Hom in Jerusalem in begelei met Hosannas. Die skare wat skreeu dat hy gekruisig moet word. Die vrou wat Sy voete met duur olie gesalf het. Die soldate wat op Hom gespoeg het. Ons sou by herhaling hierdie en vele ander kontraste in Jesus se lewe opnoem. Dit is nie anders as die kontraste wat ons in hierdie tyd raaksien nie.

Die lydenstyd herinner ons aan Jesus se lyding; Sy lewe lank en veral aan die kruis. In hierdie tydgreep is Hy vereer en bespot. Versorg en gemartel. Hierdie behandeling van Jesus gaan voort, selfs na Sy opstanding.

Ons as Christene wil dalk ook soos Petrus van ouds weghardloop in ‘n self-oorlewingsdrang. Jesus het hom die rots genoem. Ons kan nie almal die fisiese kruis deur die strate opneem nie. Tog kan ons die geestelike kruis op ons skouers neem. Kan ons identifiseer met

Jesus omdat Hy eerste met ons identifiseer het.
Ons kan ons eie via dolorosa bewandel in die wete dat Hy telkens saam met ons stap, voor ons uitloop. Hyself het erken Sy kruis is lig. Dit is omdat Hy DIE KRUIS van die sonde en dood gedra het. Soos die man langs die N1, moet ons besef dat die dra van die kruis 'n diep persoonlike saak is. Ons moet self skuld aanvaar vir die Via Dolorosa, selfs skuld aanvaar vir die dood aan die kruis. Ons moet die gebeure nie ontken of probeer ontdaan maak nie. Ons kan nie die spotters keer nie. Tog kan ons positief optree. Ons kan teen hulle praat, teen hulle getuig. Ons kan dankbaar die stasies van die Via Dolorosa besoek. Vrydag dood. Sondag, uiteindelik, opstanding en ewige lewe!

## BERIGTE

### HOFSAAK

In lyn met ons beleid van deursigtigheid wil ons net weer alle lidmate en belanghebbendes op hoogte bring rakende die litigasie met die NHKA.
Soos reeds berig, het die Appèlhof in Bloemfontein met koste beslis dat die saak terug verwys moet word na die Hooggeregshof. Die redes was dat die beweerde klein NHKA gemeentes in die saak gehoor moes gewees het en dat die regter nie die beginsel van "*privity of contract*" vanself kon inbring in die saak nie.
Na die uitspraak het ons gewag vir die taksasie van die regskoste om plaas te vind alvorens ons iets kon doen. Die verwagting was dat dit iewers in September gefinaliseer sou word. Ons het gemeentes en lidmate aangemoedig om by te dra tot die regsfonds sodat die rekening betaal kan word. Tot ons verbasing het die taksasie reeds in Maart 2025 plaasgevind. Die betrokke gemeentes en verenigings by die saak moes binne twee weke een miljoen rand (R1000000.00) betaal. Dit het beteken dat elke gemeente vyf-en-vyftig duisend rand moes betaal. Soos altyd, het die gemeentes saamgewerk en is die rekening betaal.
Kom ons wees eerlik. Dit is nooit aangenaam om so 'n groot bedrag te moet afstaan nie. <u>Gelukkig het dit nie ons moed of ons rug gebreek nie. Ons saak is regverdig en 'n terugslag in terme van tyd en geld kan nie as verloor gesien word nie</u>. Die beginsel van "*privity of contract"* het nie verdwyn nie, dit is nie finaal bereg nie, en kan nou ook bereg word.
Wat is nou vir ons die pad vorentoe?
Die ideaal is dat ons tot 'n skikking kom met die NHKA. Ons het al by herhaling gestel dat ons dit verkies. Die saak word bemoeilik deur die standpunt wat gehandhaaf word deur die NHKA dat ons optrede 'n impak het op enige kerkgenootskap wat geskoei is op die Presbiteriaal-sinodale kerkreg. Sonder om nou op die saak in te gaan, moet dit tog gestel word dat die Presbiteriaal-sinodale kerkreg juis die eienaarskap van eiendomme deur die gemeente veronderstel. Die punt sal sekerlik deel wees van enige skikkingsgesprek. Kom ons bid vir die begin en sukses van so 'n gesprek.
Die volgende litigasiestap is om nou weer die saak voor die howe te bring. Ons is weer terug waar ons was met die saak in 2016. Dit wil sê die saak is in terme van vordering daar waar die

geskeide geskilpunt in 2016 geformuleer is. Dit gaan ‘n uitdaging wees; aangesien die howe vol bespreek is tot in 2027 en dalk selfs later. Daarmee saam die nuwe reël wat moontlik kan geld, naamlik dat enige saak eers mediasie moet deurgaan voor ’n hofdatum bepaal kan word. Daar is verdere uitdagings.

Die bestuurder van die saak, regter Fourie, het die geskeide geskilpunt in 2016 geformuleer. Daar is in die onderhandelings ooreengekom dat die beweerde klein NHKA gemeentes se aansoeke om voeging (ook in 2016 geliasseer) sou oorstaan totdat die geskeide geskilpunt bereg is. (Dit is vreemd dat die party wat ingestem het tot die oorhou van die voeging, juis die klein gemeentes se nie-voeging as argument by die Appèlhof gebruik - dit daar gelaat). Die Appèlhof se beslissing dat die beweerde klein gemeentes gehoor moet word in die saak, beteken nou dat die proses anders moet verloop.

Waar die saak gewoon weer op die rol geplaas sou word vir verhoor, moet die klein NHKA gemeentes nou eers gevoeg word (wat ook ‘n verhoor of verhore impliseer om te bepaal of hulle werklik bestaan of nie) alvorens die saak vorentoe kan beweeg. Dit beteken dat daar eers met die saak-bestuurder, regter Fourie, gekonsulteer moet word aangaande die pad vorentoe.

In die hoof saak is ons die eisers. Ons moet met ander woorde in gehoorsaamheid aan die Appèlhof die saak weer hof toe bring. Na die kostebevel honoreer is, is dit wat ons gaan doen. Daar is reeds aan die NHKA se regspan kennis gegee dat ons nou die saak weer op die rol wil plaas.

Die probleem is dat die NHKA eers die beweerde klein gemeentes moet voeg alvorens die saak vorentoe kan beweeg. Met ander woorde die NHKA moet as applikant ten opsigte van die voeging van klein gemeentes ons insiens eerste aansoeke bring alvorens ons as eisers in die hoof saak die litigasie verder kan voer. Dit is ons hoop dat die gesprek met die regter die pad vorentoe duidelik sal maak.

Om op te som: Ons het betaal. Ons het die teenparty in kennis gestel dat ons die saak weer vir verhoor voor die howe wil bring. Ons het aansoek gesoen om gesprek met die saak-bestuurder te voer aangaande voortsetting daarvan.

U sal op hoogte gehou word. Skakel gerus vir dr. Otto met enige navrae.

Regspan.

* Net om alle lesers te herinner aan die formulering van die geskeide geskilpunt: “*Kan lidmate of ‘n gemeente van die NHKA wat probleme het binne of met die NHKA en/of wil wegbreek en/of weggebreek het uit die NHKA, by meerderheidsbesluit die bates van ‘n gemeente van die NHKA aan vrywillige verenigings of gemeentes wat buite die NHKA funksioneer vervreem*.”

## Schweizer-Reneke 100

Schweizer-Reneke 1925-2025.

Gemeente Schweizer-Reneke het die voorreg om vanjaar hul eeufees te kan herdenk. Die gemeente is op 15 Mei 1925 gestig. Die Gereformeerde kerk in die dorp het goedgunstiglik hul kerkgebou beskikbaar gestel vir die geleentheid. Die stigting van die gemeente het so verloop:

Op Vrydagmiddag 15 Mei 1925, om drie-uur, kom gemeentelede van

Afdeling Schweizer-Reneke in die Gereformeerde kerkgebou te Schweizer-Reneke byeen. Ds. PJJ Venter verwelkom gemeentelede asook die kommissie van die Westelike Streek. Teenwoordig was: di. GE Alers (Lichtenburg), DF Erasmus (Voorsitter – Westelike streek) asook ouderlinge AJG Oosthuisen (Losberg), KN de Kock (Ventersdorp) en H Fouché.
Ds. Alers open die vergadering met gebed. Ds. Erasmus verwys na die ringskommissie se opdrag dat Afdeling Schweizer-Reneke ŉ selfstandige gemeente word, waarna hy bevestig dat die kerkrade van omliggende gemeentes teenwoordig is. Hierna vra ds. Venter of die kerkrade van die omliggende gemeentes instem tot die afstigting en almal verleen toestemming.
Dit word bevestig dat gemeente Schweizer-Reneke voorlopig in kombinasie met Delareyville sal wees en nie bloot ŉ konsulentsgemeente nie. Die leraar van Delareyville gemeente sal beide gemeentes bedien. Die konsulent van Schweizer-Reneke gemeente word verkies en benoem, naamlik ds. SJ Strydom van Makwassie.
Ds. DF Erasmus, voorsitter van die ringskommissie, verklaar Afdeling Schweizer-Reneke tot afsonderlike en selfstandige gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Hy sluit voorts die vergadering af met samesang en ŉ gebed.
Op Saterdag 16 Mei 1925 vind die nuutgestigte gemeente se eerste gemeentevergadering plaas. Ds. PJJ Venter verwelkom die gemeente en wens hulle geluk met hulle verhoogde status as selfstandige gemeente. En van daar het die werksaamhede in die gemeente voort gegaan – soms onder baie moeilike en uitdagende omstandighede maar steeds met God se groot genade.
Gemeente Schweizer-Reneke is voorwaar geseënd om vanjaar hul eeufees te kan vier. Dit is met opregte nederigheid en dankbaarheid dat ons deel kan wees van die wonderlike geleentheid in ons gemeente se geskiedenis.
Die gemeente beplan ŉ feesnaweek gedurende 15-18 Mei 2025. Hiermee rig ons ŉ uitnodiging aan alle lidmate wat bande het met die gemeente Schweizer-Reneke asook belangstellendes om die geleentheid te kom bywoon. Aan God die eer.

## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

### ONSKAS

Ons volks-eie koöperatiewe finansiële instelling het sy naam verander van Oranjekas na **OnsKas**. Gemeentes en lidmate word aangemoedig om **OnsKas** te kontak vir goeie diens deur ons mense in ons taal.


Hervormde Kerk Schweizer-Reneke
nooi u hartlik uit na ons Eeufeesviering
Eeufeesprogram 15 - 18 Mei 2025
15 Mei - Donderdag om 18:00
Stigtingdag van gemeente
* Oordenking
* Blyke van waardering vir Oud-lidmate
* Geskiedenisvertelling van Schweizer-Reneke gemeente
* Bekendstelling van Eeufeesbundel
* Inwyding van gemeente-argief
* Onthulling van gedenkstene
* Ete
16 Mei - Vrydag om 18:00
* Skriflesing en gebed
* Gemeente- & gemeenskapskonsert
* Sop en Brood
17 Mei - Saterdag om 18:00
* Gedenkdiens en Belydenis van Geloof
* Groeteboodskappe
* Vingerete
18 Mei - Sondag om 10:00
* Nagmaal
* Danksegging
* Gemeente-ete
PIC•COLLAGE


ONSKAS
JOU GROEI. ONS BELOFTE
NCRCP 5204 (Voorheen bekend as Oranjekas)
ONSKAS IS 'N SPAAR EN KREDIET-KOÖPERASIE WAT VERSKEIE DIENSTE AAN SY LEDE BIED.
BELEGGINGSAANDELE NOU BESKIKBAAR.
Privaat bankdienste in Afrikaans.
Markverwante rentekoers op vaste deposito's 6-60 maande.
DIENSTE
Finansiering in Landbou
Motorfinansiering & Solarfinansiering
Persoonlike, Besigheids- en korttermyn lenings.
Sluit aan by OnsKas – waar jou toekoms ons prioriteit is!
Adres: Collinslaan 1241, Môregloed, 0186
Kontak: 012 754 5454 | kontak@oranjekas.co.za
www.oranjekas.co.za


Jou volk, jou versekeringsmakelaar!
By Kasfin is ons toegewyd daaraan om ons kliënte deur die kompleksiteit van die versekeringswêreld te lei, deur kundige advies en persoonlike diens aan te bied.
PRODUKTE
•Geboue
•Huisinhoud
•Kommersiële Versekering
•Privaat-en Kommersiële Voertuie
•Lewensversekering en Testamente
Kontak ons vandag!
012 754 5454 | jp@kasfin.co.za
KASFIN